Die eenheid het ook 'n ere-kolonel, mnr Willem Cruywagen, gewese Administrateur van Transvaal, wat op 29 November 1983 in die ouditorium van die Hennie Bingle-Studentesentrum ingehuldig is.

Dit is ook nie aldag dat die "gevreesde" RSM van 'n eenheid 'n student is nie. Phillip Stander, 'n ingenieurstudent, is op 25-jarige ouderdom een van die jongste RSM's in die SA Leër. 'n Lid van die eenheid, mnr Victor d'Assonville, met die rang van kaptein, is tans voorsitter van die Sentrale Studenteraad vir die derde agtereenvolgende termyn. Die eerste vroulike adjunk-voorsitter van die Studenteraad, Marlize Kruger, is 'n oud-student van die SA Leërvrouekollege op George.

Baie van die eenheid se lede het al militêre toekennings verwerf. Die Suiderkruismedalje is in 1983 aan kol Van der Walt toegeken. Nog drie lede – kmdt F. Venter (2IB), maj Tom Larney (bekende van die televisieprogram Flinkdink) en kapt G.M. Ferreira, het die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag Aanprysingsmedalje ontvang.

VOLGENS kol Van der Walt funksioneer die eenheid baie doeltreffend. Studente kry die kans om hul militêre verpligtinge gedurende hul studentejare gedeeltelik af te handel. Gedurende die Junie/Julie-vakansies kry lede die geleentheid om kursusse te doen met die oog op bevordering en gedurende die Desember/Januarie-vakansies word hulle gewoonlik operasioneel aangewend. Die nuwe bedeling van verkorte Burgermagverpligtinge wat onlangs deur die Minister van Verdediging afgekondig is, beteken dat daar nou ook geleentheid is om vakansiewerk vir ekstra sakgeld te doen.

Tydens diens in die Operasionele Gebied en in die binneland het die Pukke altyd goeie samewerking van die plaaslike inwoners gekry en was daar slegs die hoogste lof vir die manne se optrede. Lede van die eenheid het aan die einde van 1986, toe hulle behulpsaam was met onlusbeheer in die Wes-Transvaalse platteland, slegs goeie verslae van heinde en ver ontvang. So berig 'n SAP-stasiebevelvoerder onder andere: "As alle Leëreenhede se diens van dieselfde gehalte as dié van die Pukke is, het ons land niks te vrees nie." Wat dit des te meer lofwaardig maak, is die feit dat die Pukke tydens die diens onder bevel van die SR-voorsitter, kapt D'Assonville, gestaan het.

Die PUK Militêre Eenheid se kenteken dui op die hegte verbintenis tussen die militêr, die universiteit en die dorp Potchefstroom. Die kandelaar simboliseer die verbintenis met die universiteit; Totius se wilgeboom dui op die verbintenis vroeër met die Onderwyskollege en die kronkelende Mooirivier dui die verbintenis met Potchefstroom aan. Die kenteken is oorgeneem van die Cachet-Kommando ter ere aan die grondleggingswerk wat hulle gedoen het. Die eenheid het ook sy eie eenheidsdas, T-hemp, trui en vlag.



*Mr Sefoka receives the keys of the car from Maj Gen Dries van der Lith. In the background is a Sabre jet fighter, which is one of the static displays at the museum.*

# Supported museum, won a new car

**By Tim Marsland**

MR Willem Sefoka won the Opel Kadet Cub 1300 which was on offer as competition prize at the Air Force Base Swartkop Air Show recently. More than R16 000 was raised which will go to the Air Force Museum Building Fund.

Mr Sefoka bought the ticket on a spur of the moment decision outside the Air Force Headquarters building in Pretoria. He saw the car on offer on the pavement but walked by.

However, fate played its hand and he turned around and decided to buy a R5 ticket. A few days later, an Air Force officer visited Mr Sefoka at his place of work in Zandfontein, Pretoria, and told him he had won the car.

The only problem is that Mr Sefoka cannot drive, so he brought his friend, Mr Koos Moremi, along as his driver. As can be expected, Mr Sefoka has every intention to obtain his drivers licence as soon as possible.

As an added bonus, the OC of AFB Swartkop, Col Daniël Badenhorst, offered him a flip in an Alouette helicopter. So off Mr Sefoka went on his first trip ever in an aircraft.



*Mr Sefoka and Mr Koos Moremi prepare themselves for a flip in an Alouette helicopter.*



*Nuwe diensplig-kapelane van al vier die Weermagsdele tydens hulle voorstellingsparade op Fort Klapperkop.*

# Diensplig-kapelane voltooi opleiding

**Deur Bennie Booysen**

**ONGEVEER 130 diensplig-kapelane het onlangs hul basiese opleiding voltooi waarna hulle uitgeplaas is na verskillende eenhede om diens in al vier die Weermagsdele te doen.**

Soos gebruiklik het die NDP kapelane voor hul uitplasing 'n wydingsdiens bygewoon wat deur genl maj Chris Naudé, Kapelaan-generaal van die Weermag, gelei is.

Die diens op Fort Klapperkop, buite Pretoria, het bestaan uit Skriflesing en gebed waarna elkeen 'n Bybeltjie van genl maj Naudé ontvang het.

Hy het by dié geleentheid die belangrikheid van hul taak uitgestippel en hulle baie seën met hul werk toegebid.

Die kapelane sou hul luitenantsrange ontvang voordat hulle na hul onderskeie eenhede vertrek het.




*Die Triomfboog-gedenkteken in Pretoria en die groot skare wat die indrukwekkende gedenkdiens vir terreurslagoffers bygewoon het. – (Foto: Bennie Booysen)*

# Slagoffers van terreur onthou

**Deur Jannie Hennop**

'n GEDENKDIENS ter ere van slagoffers van terrorisme is onlangs by die Triomfboog-gedenkteken in Pretoria gehou. Die diens het plaasgevind presies ses jaar ná die motorbomontploffing in Kerkstraat, Pretoria.

Toesprake is gehou deur die burgemeester van Pretoria, dr E.S. Jacobson, en mev C. Leontsinis, voorsitter van die organisasie Slagoffers teen Terreur. Die verrigtinge is ook bygewoon deur afgevaardigdes van die Republiek van China, Paraguay, Bophuthatswana, die Suid-Afrikaanse Polisie, Suid-Afrikaanse Weermag, burgemeesters van omliggende dorpe, raadslede en slagoffers van terrorisme asook familielede van oorledenes.

Dr Jacobson het in sy toespraak gesê terrorisme is 'n lafhartige en onderduimse wyse waarop die vyand die land binnedring om dood en verwoesting onder wetsgehoorsame burgers te saai. Die gedenkteken met sy besondere simboliek moet 'n aansporing vir die mense van Pretoria wees om te volhard in hul strewes en doelstellings.

Mev Leontsinis het in haar toespraak gesê dit is ironies dat die ANC en sy kommunistiese bondgenote deur geweldpleging daarin geslaag het om eenheid onder Suid-Afrikaners van alle rasse te bewerkstellig.

Die gedenkdiens is afgesluit met samesang onder begeleiding van die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes, waarna gaste verversings in die Munitoria-gebou gaan nuttig het.

# Shooting range secured after joint effort

By Colin Rowley

A number of Citizen Force Units braved icy showers to participate in an inter-unit shooting competition at Standerton recently. This event coincided with the opening of Standerton Commando's new shooting range at Leeufontein.

This type of event serves two useful functions: firstly, it fosters a healthy spirit of competition between the various units involved and, secondly, it provides an ideal opportunity for the entire community to become actively involved in a project of this magnitude.

The building of a shooting range is a remarkable achievement if one considers the limited funds and manpower available to the average Citizen Force unit. Cmdt L.J. Fourie, Officer Commanding Standerton Commando, maintains that it would have been little short of impossible to build the range if not for the enthusiasm and teamwork of the people involved.

The unique situation of a Commando unit is reflected not only through that Commando's service to the community, but also in the way in which that Commando is accepted by the community within which it functions. After all, a Commando is made up of Citizen Force members serving the selfsame community from which they are drawn.

Cmdt Fourie points out that a unit of this type can only function effectively if it is accepted by the immediate community of which it is part and has the goodwill and cooperation of that community's members.

According to Cmdt Fourie this had, undeniably, proved to be the case with the construction of the range at Leeufontein. The task at hand, he states, could not have been without the enthusiastic support and assistance of the general population of Standerton.



*Members of Standerton Commando prepare to unleash a barrage of fire during the competition.*

# Painting presented to raffle winner



*On the left a very happy Mrs Maggie Lockhart holds tightly onto her painting with the Chairlady of the SADF Ladies' Association, Mrs Betsy van der Merwe, who lends support.*

A painting valued at R3 600 was presented to the winner of a raffle, Mrs Maggie Lockhart of Mandini, at a recent award presentation ceremony held at the Officers' Mess of Natal Command. The painting was raffled to raise funds in aid of house Melita, which is a guest house for families of National Servicemen who are undergoing treatment in 1 Military Hospital, Pretoria.

Mrs Betsy van der Merwe, Chairlady of the SADF Ladies' Association, who was responsible for the organisation of a highly successful Namaqualand festival held in Pretoria recently, attended the ceremony. Mrs Van der Merwe thanked the artist Daze Kruger for her generous donation of the valuable painting.

Mrs Van der Merwe announced that more than R5 000 was raised from the nation wide sale of tickets and she thanked Natal Command for being the only command to have sold all their tickets.

The winning ticket was drawn at the Namaqualand festival held recently at the Voortrekkerhoogte City Hall. The renowned authoress Margaret Bakkes opened the festival.

- House Melita has 14 beds and charges R11 per person, including three meals a day.

## SIMPOSIUM OOR TOEKOMS-UITDAGINGS

Deur LT AMANDA JOOSTE

# 'n Buigsame Weermag deur H SAW bepleit

**"DIE SA Weermag moet buigsaam wees en hom by enige omstandighede kan aanpas," het genl Jannie Geldenhuys, Hoof van die SA Weermag, tydens 'n onlangse simposium oor toekomsuitdagings vir die Weermag en werkgewers van diensplistiges gesê.**

In sy openingsrede het genl Geldenhuys gesê dat buigsaamheid in die SAW verkry kan word deur onder andere aandag aan die beplanning van mannekrag in die breë te skenk. "As gevolg van die maklik veranderbare situasie in Suid- en Suider-Afrika is dit nie maklik om 'n scenario te beplan soos dit oor 20 jaar daar sal uitsien nie."

Die simposium, wat by Infoplan in Pretoria aangebied is, is deur verskeie werkgewers in die privaatsektor bygewoon. Die Hoof van Staf Personeel van die Weermag, lt genl Len Meyer, het tydens die simposium gesê dat daar faktore is wat op die lang termyn 'n bepaalde invloed op die mannekrag in die Weermag sal hê.

Volgens hom sal die militêre verpligting, wat tans hoofsaaklik op die blanke manlike persoon rus, in die toekoms oor 'n baie groter deel van die SA bevolking versprei wees. "Dit sal beteken dat 'n groter persentasie van die Weermag se mannekragbehoeftes in die toekoms vanuit die Swart bevolkingsbron bevredig sal moet word."

Lt genl Meyer het gesê dat die blanke bevolkingsgroep se ouderdomsverspreiding in verhouding met die Swartes "oud" is en postuurgewys sal hulle in die toekoms verder verouder.

Volgens vooruitskatting is die aanduiding dat daar teen 'n groeikoers van 3% per jaar, teen die jaar 2000, aan slegs 56% van die arbeidsmag in Suid-Afrika werksgeleenthede voorsien sal kan word. Dit beteken dat die Weermag daarop voorbereid moet wees dat kleiner getalle blanke mans in die toekoms jaarliks vir diensplig beskikbaar sal wees. "Die Weermag sal steeds oor 'n Voltydse Mag beskik wat deur 'n Deeltydse Mag aangevul sal word, aangesien dit binne die land se ekonomiese vermoë geakkommodeer kan word."

Volgens hom sal die Weermag aan werkskeppingsprogramme moet meedoen.

Die moontlikheid bestaan ook dat die bestaande militêre diensplistelsel in die toekoms oorgeskakel sal kan word na 'n stelsel wat meer landsdiensgerig is.

Lt genl Meyer het gesê dat dit sal beteken dat 'n persoon in die toekoms sy diensplig in die groter infrastruktuur van die land sal kan verrig waar daar 'n behoefte aan sy dienste bestaan, maar waar hy steeds in die belang van die gemeenskap sal optree.

"Wat krygstuig op tegnologiese gebied betref, kan ons aanvaar dat ons, ons oor drie dekades in 'n hoogs geoutomatiseerde-, gemeganiseerde-, en elektroniese omgewing sal bevind. Dit sal tot gevolg hê dat die klem wat mannekragvereistes aanbetref, meer op breinkrag as spierkrag toegespits sal wees."

Hy het afgesluit deur te sê dat die Weermag in die tyd wat voorlê 'n eie mannekragontwikkelingsvermoë sal moet verbeter, gedagtig aan die behoefte aan hoër geskoolde mannekrag teenoor die beperkte opvoedkundige ontwikkeling.

**Prof P.H. Spies,** verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, het die mannekragaanbod- en aanvraag in die RSA tot die jaar 2020 uitgelig. "Dit is belangrik om daarop te wys dat 'n besondere vakkundige vermoë redelik gou verouderd kan raak in 'n vinnig verouderende tegnologiese samelewing. Dit is daarom noodsaaklik om te fokus op die ontwikkeling van vaardighede eerder as beroepsopleiding."

**Kmdt A.J. Barret** het gesê: "Ons militêre suksesse kan toegeskryf word aan die kwaliteit van ons mannekrag" en dat "die dienspligmannekragbron die Weermag in staat stel om sy verpligtinge na te kom."

**Dr B. Lombard** het daarop gewys dat werkskeppingsvereistes as gevolg van die bevolkingsaanwas onrusbarend is. Beramings het getoon dat 1 000 werksgeleenthede per dag geskep sal moet word vir die jaar 2000 se behoeftes. Hy het ook gesê: "Huidiglik is die SAW besig met die aanwending en opleiding van professionele diensplistiges in beroepsverband. Die SAW is een van die eerste organisasies in die land wat baanbrekerswerk gedoen het om geïntegreerde geriewe, fasiliteite, opleiding, aanstellings, bevordering en pariteit in diensvoorwaardes vir alle rassegroepe daar te stel.

Hy het afgesluit deur te sê dat die ervaring en kennis op dié gebiede van onskatbare waarde is vir toekomstige menslike hulpbronontwikkeling en samewerking met die privaatsektor.

# *NSM praised for assistance at the scene of accident*

**THE following letter was addressed to Infantry School and then forwarded to Paratus for publication:**

Dear Sir

I am writing this letter to commend both your Army training programme and one particular serviceman, Rfn I.S. Richardson.

Travelling with Rfn Richardson on his recent pass, we arrived at the scene of a car accident. Five young schoolboys and a middle-aged woman were in the two cars involved. As we were the first to arrive, Rfn Richardson immediately got out of the car and proceeded to help get the injured boy to the side of the road. Rfn Richardson reacted calmly, assuming control of the situation. He attended to the boy, talking to him and reassuring him.

He calmed the woman who was becoming hysterical and told her to sit with the boy. Having done as much as he could for the victims, he ran down the freeway to the nearby garage to call the police and ambulance. He then came back to the accident scene and waited for the police to arrive.

Throughout all this, Rfn Richardson remained calm and in doing so, calmed the others involved. Once the police arrived, and seeing that there was nothing further we could do, we left.

In the car, I praised Rfn Richardson for his behaviour and he accredited this to the recent medical course he had just finished as well as the self-control and discipline the Army has taught him.

I commend you on the training you have given these young men, in that it is thorough and practical and well able to be employed in real situations, as was shown at the accident.

**Samantha Cartwright**
**Pietermaritzburg**

*(Infantry School has also supplied the following additional information on Rfn Richardson:*

*"Ian Stuart Richardson is from Margate, Natal; 21 years old; attended Port Shepstone High School; studied at the University of Natal; arrived at Infantry School on 17 March 1989 from 5 SA Infantry Training Unit; was travelling between Durban Central and Sherwood suburb on 29 April 1989 after the Natal/WP rugby match; at the Tollgate bridge she witnessed the accident; his comment involving his training was as follows: "I am grateful for the course offered as it enables many young servicemen to act calmly in crisis situations". – Ed).*




By Col P.B.G. Dugmore

# How good a negotiator are you?

**NEGOTIATION is still uppermost in my mind. The reason may not be far to find – the fact that I have been very involved in negotiation training over the last six months and I know that we as a department have been asked to step up this training this coming year.**

One of the most natural questions that come to the fore when one's organisation insists on the importance of this type of training, is to ask oneself the question. How good a negotiator am I?

Although in the negotiation literature there is no "pink" (ideal answer) there are indication of certain elements that seem to be important when one negotiates. One of the writers who has given some thought to this matter is Chester L. Karrass. In fact, he has included a sixty one item questionnaire to help those interested in answering this question for themselves to get some indication of where they stand. I have decided to analyse this questionnaire in order to see what help it can give us.

Karrass has grouped the questionnaire under six clusters of items, namely:

a. Task — Performance Cluster.
b. Aggression cluster.
c. Socializing cluster.
d. Communication Cluster.
e. Self-Worth Cluster.
f. Thought-Process Cluster.

Although each of these Cluster themes contain not less than seven items and no more than eight, the choice of clusters themselves tell us something about what is important if one wants to negotiate successfully. I would, however, make one proviso and that is that when negotiating in non-western environments one may find that the emphasis one places on certain elements will have to change.

This has been very well highlighted by Don R. Mcreary in his book entitled "Japanese-U.S. Business Negotiations" (A Cross – Cultural Study). He points out very clearly how often U.S. negotiators whose cultural heritage is one of task orientation, hand-nosed bargaining, have come unstuck in an environment where relationships are top priority. Even certain disciplines e.g. high level purchasing executives may differ in the weighting they would give the various items over against the engineering Programme managers. The latter far more willing to take risks. Inspite of this fact, the very cluster themes tell us something about the perspective that a negotiator needs to have and the action he needs to take.

**TASK – PERFORMANCE:**
This cluster emphasises the need to be able to plan well, to problem solve with others. In order to do this one needs to know one's "product" and to have very definite goals. Physical and mental stamina coupled with an image of reliability go a long way in the negotiation process.

**AGGRESSION CLUSTER:**
Although acting like a bull in a china shop may seem aggressive to some, this is certainly not what is meant here. The ability to exploit one's power base, to take certain risks and to have the courage of one's convictions is certainly included in this cluster, but with it goes good team leadership.

**SOCIALIZING CLUSTER:**
This cluster places its emphasis on the need for the negotiator to portray in his total attitude and behaviour integrity, tact, patience. These being coupled with an open-mind and an attitude of trust and flexibility. It is only such characteristics that would make it possible to initiate and encourage the social interaction that would lead to successful negotiations.

**COMMUNICATION CLUSTER:**
The name of the game is surely "communication" and the skilled negotiator needs to be able to communicate his needs and demands as well as listen for the needs and communications of other parties. This cluster centres on the warm rapport of the group; it also demands that the negotiator play very definite roles within the negotiating process.

**SELF-WORTH CLUSTER:**
It is amazing how few people who enter the negotiation arena realize just how important an understanding of oneself is when negotiating. if one enters a negotiation with an inferiority complex or a lack of self-control, it can play havoc with the way we put our case and how we are seen by the other parties. This cluster places a good deal of emphasis on the personal self esteem, dignity and control which the individual negotiator brings to the table. For all that is written about the use of "dirty tricks" and the demand by those being trained as negotiators to be taught those same "Skills", the best negotiaton literature may point out what those "dirty tactics" are and how to counter them, but very few advocate their use. In fact one well known trainer's advice is that if we recognize such tactics being used on us, we should make it known and negotiate its immediate cessation. These few words would alert my readers to the fact that one of the important elements in this cluster is that of ethical standards.

**THOUGHT-PROCESS CLUSTER:**
Although this is the last of the clusters, it is by no means the least important for its items highlight crucial processes that a good negotiator neglects at his peril. Some of these include analytical ability, broad perspective and clean thinking under stress.

**CONCLUSIONS OF CHESTER L. KARRASS'S STUDY:**
Having looked at these clusters and their individual items from the viewpoint of a num-

• Continued on p 47




**WOULD you also like to write to one of our brave soldiers? Here is what you have to do: Write your name, address and particulars of your hobbies and interests on a postcard or back of an envelope and send it to: PARATUS Pen Pals/Penvriende, Private Bag X 158, Pretoria, 0001. We will then publish it free of charge so that the troops can read it and write to you.**

# Write to a soldier and make him happy

**JUDITH PIETERSE, Jakarandahof, Verpleegsterhuis, Paul Kruger Gedenkhospitaal, Privaatsak 82079, Rustenburg, 0300, se stokperdjies is fietsry, draf, dans en alles wat mooi is in die lewe. Sy wil graag korrespondeer met troepe tussen 21 en 26. Foto's is baie welkom.**

**MAINIE VAN VUUREN (22), Louis Trichardtstraat 61, Parktown, Pretoria, 0084, stel belang in musiek, dans en alles wat mooi is. Manne in uniform tussen 23 en 27 is welkom om te skryf en foto's is ook baie welkom.**

**ADELL BINNEMAN (19), Lavallestraat 29, Shirley Park, Bellville, 7530, hou van rolskaats, stap, musiek en fietsry. Ouens tussen 19 en 22 kan aan haar skryf.**

**KARIN ENGELBRECHT (16), Lavallestraat 17, Shirley Park, Bellville, 7530, hou van swem, ysskaats en fietsry. Troepies tussen 16 en 18 kan gerus aan haar skryf.**

**HENCA VENTER (21), Kampweg 15, Ladysmith, 3370, het bruin hare en blougroen oë. Sy hou van die natuur, dans, sport en alles wat mooi is. Troepies tussen 21 en 26 kan aan haar skryf.**

**ANNELIE GERBER (16), Wentzelkoshuis, Wolmaransstad, 2630, hou van die buitelewe, dans en musiek. Enige troepie kan aan haar skryf en foto's is ook welkom.**

**GERDA SNYMAN (16), Joubertstraat 130, Vasco, 7460, hou van dans, netbal, atletiek en fliek. Sy het blou oë en donker hare. Ouens tussen 17 en 21 kan aan haar skryf.**

**MARELIE VAN RENSBURG (17), Posbus 442, Jan Kempdorp, 8550, hou van rugby, hokkie, dans, diere, perdry en modelwerk. Enige dienspligtige kan aan haar skryf en foto's is verpligtend.**

**MARINDA HUMAN (16), Almaralhof 13, Murrystraat 3, Goodwood, 7460, hou van fliek, lees, dans en modelwerk. Sy het blou oë en bruinblonde hare. Manne tussen 16 en 21 is welkom om aan haar te skryf.**

**MARLIZE VAN DYK (16), Barlinkastraat 18, Shirley Park, Bellville, 7530, hou van swem, dans en musiek. Ouens tussen 16 en 18 kan aan haar skryf.**

**LAETITIA VILJOEN, Hennie Winterbachstraat 38, Panorama, Parow, 7500, het ligbruin hare en groenbruin oë. Sy hou van lees, swem en rondloop. Manne tussen 17 en 21 kan aan haar skryf.**

**JACKIE DREYER (17), Posbus 5007, Pretoria, 0001, doen moderne danse en modelwerk. Enige troepie tussen 17 en 23 kan aan haar skryf. Sy is ten volle tweetalig en Engelse troepies kan ook skryf.**

**CHRISTELLE (16), Findlaysonweg 25a, Kimberley, 8301, hou van skaats, dans en fliek. Ouens tussen 16 en 21 kan aan haar skryf.**

**RENATE KROESE, Richmondstraat 68, Vrijzee, 7460, het blonde hare en blou oë. Sy hou van swem, diere en rondry. Manne tussen 17 en 21 kan gerus aan haar skryf.**

**SERENA ENGELBRECHT (17), Lotteria, Riebeeck-Wes, 6800, hou van die plaaslewe, dans, lees en skryf. Troepies tussen 18 en 22 kan aan haar skryf.**

**ELIZE MULLER (15), Tobias Smutweg 30, Radio Uitkyk, Pretoria, hou van swem, fietsry, stap, lees en kook. Manne van alle ouderdomme kan skryf en foto's sal waardeer word.**

**LIZELLE MEYER (16), Brandsingel 38, Brackenfell, 7560, het blougroen oë en kort blonde hare. Sy is 1,54m lank en hou van dans, musiek luister, swem en sommer net pret hê. Enige Afrikaans- of Engelssprekende troepie is welkom om te skryf**

**MARILYN SINDEN (20), Posbus 355, Brandfort 9400, het donkerbruin hare en bruin oë. Haar belangstellinge is swem, lees, skryf, stap en alles wat mooi is. Alle manne in uniform kan gerus van hulle laat hoor.**

**ANGELIQUE JUNKER (18), Posbus 1781, Rooihuiskraal, 0154, het donkerbruin hare en groenbruin oë. Haar stokperdjies is briewe skryf, vriende maak, musiek, ysskaats en fliek. Sy hou ook van vinnige motors en motorfietse. Manne van 19 tot 22 kan skryf en foto's is welkom met die eerste brief.**

**ERIKA GROBBELAAR (15), Geargeststraat 133, New Park, Kimberley, 8301, het blonde hare, blou oë en hou van fliek, swem en dans. Briewe met foto's sal voorkeur kry.**

**JACKIE OERTEL (15), Cartersweg 20, Rhoadsdene, Kimberley, 8301, het bruin oë en bruin hare. Sy is lief vir seuns, sport, veral atletiek, perdry en netbal. Sy hou ook baie van fliek. Sy sal alle briewe beantwoord, foto's is noodsaaklik.**

**JOHANNA PRETORIUS (14), Michaustraat 20, Verwoerdpark, Kimberley, 8301, het bruin hare en bruin oë en hou van perdry, musiek, lees, fliek en sommer enigiets wat lekker is. Enige troepie kan aan haar skryf en sy belowe dat alle briewe beantwoord sal word.**

**TAMARA MARCHESON (16), 6 Olive Street, Van Dyk Park, Boksburg, 1460, enjoys surfing, parachuting, sailing and ice-hockey. She promises to answer all letters.**

**• Continued from p 46**

ber of professional negotiators, the collective finding of the most important seven traits of the group came up with the following:

1. Planning ability.
2. Ability to think clearly under stress.
3. General practical intelligence.
4. Verbal ability.
5. Product knowledge.
6. Personal integrity.
7. The ability to perceive and exploit power.

As one involved in the training of negotiators, I would certainly agree that these Clusters certainly give us valuable guidelines against which we can evaluate our own skills around the negotiation table. If there are those of my readers who wish to look at the Karrass questionnaire, it can be found in his book, "Give and Take" 1974 (Thomas Y. C owell, Publishers).

I would, however, close by making one point, namely that when it comes to the area of negotiation there is always something to learn. Because it involves the cultures and personalities of people in interaction under varying circumstances, the last word will never be written nor will a particular approach be the alpha and omega. The best approach is to keep an open mind, seek to be flexible and be willing to experiment with all the alternatives, for it is only in such a spirit that you will find a better way to negotiate.

**• Vervolg van bl 61**

'n plaaslike Weskus-liga begin wat baie byval vind by die lede. WP-unie het ook nou erkenning gegee aan hierdie liga, en vanaf aanstaande jaar sal ons ons eie liga as deel van die WP-liga kan beplan en hengel. Ons lede sal dan ook in aanmerking kan kom vir WP-kleure, wat in die verlede nie moontlik was nie as gevolg van die lang afstande wat ons hengelaars moes ry.

**TENNIS.** Tien lede. Boland tweede liga. Tans onaktief aangesien hulle net in die mans-somerliga speel.

**JUKSKEI.** Twintig lede. Speel in Bolandliga. Eerste, tweede en derde liga. Derde span verloor net-net in die finaal en eindig dus tweede in die liga. Die ander twee spanne het gemiddeld gevaar. Twee van ons spelers, nl ebmn M. Reinke en mev J. van Heerden, is gekies om Boland op Kroonstad te verteenwoordig.

**ROLBAL.** Dertig lede. Speel in toernooie in die Boland-gebied en neem deel aan Weskus-liga. Lg is deur hierdie klub geïnisieer.

**SEIL.** ± 75 Lede. Neem deel aan plaaslike en landwye kompetisies. Die klub is maar een jaar oud, maar baie aktief en groei baie sterk. Op 15 April het die WSK Boland teen die Port Owen-Seiljagklub deelgeneem. WSK Boland het al die wedvaarte gewen. AO Piet Kilian van VB Saldanha het die teenstanders beïndruk met sy seilvernuf en het sy wedvaart met 15 minute gewen.

Van 1-6 Mei te Port Elizabeth het ons om die Kwikot Uitdaag-seilbeker deelgeneem. WSK Boland is weens vorige puik prestasies 'n boot aangebied om in hierdie moeilike wedvaart deel te neem. Mnr Schweitzer het "Nautilus Insurance" aan ons geleen. Die tweede boot het behoort aan mnr Stones, vader van een van ons seilinstrukteurs. Die boot se naam is Datakor. Albei bootsbemannings het met puik seilvaartvernuf daartoe aanleiding gegee dat albei bote met lof uit die stryd getree het. Nautilus Insurance was eerste in die Klas 1 vir wedvaartbote op beide die IOR en PHRF puntestelsels. Hy het in die proses die fantastiese en nuwe Thunder Child geklop. Die tweede boot, Datakor, het sy wedvaart ook gewen.

Boland Weermag se puik vertoning is oor die SATV-nuus op 6 Mei 1989 loftoegeswaai vir 'n goeie vertoning om twee bote te laat seëvier. Tale koerantberigte het ook Boland Weermag vir 'n goeie en oortuigende oorwinning uitgesonder.

## MAKING THE BEST

In today's sophisticated society, nothing is simple anymore. This applies especially to the bewildering world of investment.

The days of depositing money remaining at the end of the month into a simple savings account are gone forever. With inflation eating away at earnings it has become important to have money "at work" earning the best rate of interest it can.

Here is where the problem begins. Do you opt for tax-free or partly tax-free investments or those that advertise higher rates but are fully taxable; do you opt for a savings, transmission or cheque account; how do you calculate your interest?

Most of these questions can be answered by a qualified consultant, and space will simply not allow a full explanation. But, lets look at the basics.

Before investing look at your personal income. If your salary is below R30 000 a year it will generally be of benefit to you to opt for investments that are fully taxable. The tax you pay will not vastly increase your tax burden and your returns may be higher than on tax-free mechanisms that generally have a lower rate of return.

If, however, you are paying tax at the maximum rate the reverse becomes true. The answer is to invest in tax-free, or partially tax-free products.

Next examine the avenues for investment and


# GLIMLAG MANSKAP! HIER'S R500!

LINDSAY SMITHERS-FCB T9549/A

## OF INVESTMENTS

see when interest is paid. If interest is, for example, paid into the account monthly you will be earning interest on your interest.

Other considerations are:

- Is the rate fixed or does it increase and decrease with money market rates?
- Do you receive tax concessions?
- How is interest calculated minimum monthly, credited annually or on daily balance credited monthly?
- What is the effective rate. What do you really retrieve?

Most rates quoted are called "nominal rates" in that they are quoted as an annual figure for investments.

The true rate received is the "effective rate."

This is higher than the quoted rate, but will vary with the frequency that interest is paid. For example, your effective rate will be higher if interest is paid on a monthly rather than twice-yearly basis.

In order to optimise savings, it makes sense to opt for a package that offers a fluctuating rate.

The advantage will be that in a period of rising interest your investment will keep pace. If rates decline, however, and your rate drops you will have the satisfaction of knowing that your investment will be optimised once rates climb again.

In the meantime your interest paid will have exceeded that paid on the fixed rate giving you a "bonus".


## So sê ons: Dankie, manne!

*Die spesiale en gewilde Toyota-aanbod geld vir alle dienspligtiges wat tans hul aanvanklike, basiese tweejaaropleiding ondergaan. Dit aanbod is geldig tot 31 Desember 1989.*

*Bo en behalwe enige spesiale inruilwaarde of afslag wat jou plaaslike Toyota-handelaar gee wanneer jy 'n nuwe Toyota Conquest, Corolla, Cressida of handelsvoertuig koop, sal ons jou 'n spesiale "dankie-sê"-korting van R500 gee!*

*Ons het dit alles maklik gemaak! Nadat jy jou nuwe Toyota uitgetrek en in jou naam laat registreer het, stuur eenvoudig aan ons:*

*1. 'n Afskirf van jou nuwe voertuig se registrasievorms.*

*2. 'n Afskrif van die aankoopfaktuur.*

*3. 'n Gesertifiseerde afskrif van jou militêre inname- of uitklaringsdokument (binne 6 maande na die uitklaringsdatum).*

*4. Volle tuisadres-besonderhede.*

*Stuur al hierdie afskrifte aan Mnr. Bill Sevenster, Posbus 481, BERGVLEI. Transvaal 2012.*

*By ontvangs stuur ons jou 'n tjek van R500.*

*Dis mos nou lekker maklik. Maar onthou, jy kan net **een maal** van die aanbod gebruik maak.*




*Alles loop reg, altyd reg*

TOYOTA

# Puik boksgevegte ter ere van rugby en helde

**WEERMAG (WP) Rugbyklub het 'n prestige bokstoernooi op die *SAS Tafelberg* in die Kaapstadse hawe aangebied. Die aanbieding was ter ere van die SA Rugbyraad se Eeufeesjaar en meer spesifiek om die SAW se oorlogshelde te vereer.**

Dit was 'n besonder geslaagde aand met 'n paar puik boksgevegte, puik geregte wat die innerlike versterk het en 'n veiling van gedenkwaardighede.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het verskeie "Springbokspanne" wedstryde aan die oorlogsfront gespeel. Selfs in die konsentrasiekampe agter doringdraad is rugby gespeel.

Van die wedstryde wat gedurende dié jare gespeel het, is tydens die aand se verrigtinge weer herleef. 'n Heildronk is op die oorlogshelde gedrink nadat hulle aan die gaste voorgestel was.

Weermag (WP) Rugbyklub se eerste wedstryd, volgens "The Guiness Book of Records", op Suid-Afrikaanse bodem is op 23 Augustus 1862 te Groenpunt gespeel. Dit was 'n militêre span wat teen 'n siviele span gespeel en gewen het. Dieselfde wedstryd is weer op 5 September 1862 voortgesit en ná vyf uur se spel oor die twee dae het die militêre span gewen. Volgens 'n berig in "The Argus" was dit 'n "godswonder" dat sommige van die deelnemers nie permanent vermink is nie.

Aan die begin van die eeu is die Garnisoenklub ('n benaming vir Weermag (WP) Rugbyklub) opgedeel in twee dele, naamlik "Fortress Green" en "Fortress White". Die twee spanne het afsonderlik deelgeneem aan kompetisies.

Vir die volgende paar dekades neem Fortress Green en Fortress White aan plaaslike kompetisies deel voordat die destydse WP Rugby-unie senior status aan albei spanne in 1942 verleen het.

Dat Weermag toe reeds 'n krag in WP-rugby was, word bewys deur die feit dat vyf Weermagspelers in die WP-span opgeneem is teen Transvaal wat op 5 Mei 1943 op Nuweland kragte gemeet het.

Fortress Green eindig derde in die 1943 WP Groot Uitdaagbekerkompetisie. Twee jaar later vind 'n samestelling tussen Fortress Green en White plaas en die plaaslike Weermagspan staan toe bekend as "Combined Services".

In 1980 vind 'n belangrike ontwikkeling plaas. Weermag (WP) word toegelaat om op 'n proefbasis van een jaar aan die senior liga deel te neem. In dieselfde jaar word Weermag (WP) ook die eerste klub om Bruin spelers in sy eerste span op te neem. Die span eindig toe vyfde onder leiding van die Springbok Rob Louw.



*Een van die boksgevegte wat aangebied is op die SAS Drakensberg tydens Weermag (WP) Rugbyklub se prestige bokstoernooi.*

In 1987 word die GUB met die Matie gedeel en verdedig die span die titel tydens die Toyota Klubkampioenskappe waar Despatch hom in die halfeindstryd uitskakel.



**Tydens die prestige bokstoernooi op die *SAS Tafelberg* is hulde gebring aan die SA Weermag se Springbok-rugbyhelde wat tydens die Tweede Wêreldoorlog diens gedoen het. Hier is van links na regs Riks van der Merwe, 1949 se Springbokflank; brig A.K. de Jager, Bevelvoerder van Kmdmt WP en prof Christo Viljoen, aangewese voorsitter van die SAUK.**

In 1983 verower Weermag (WP) die Ohlssons-skild deur UK met 25-9 te klop en terselfdertyd eindig Weermag (WP) tweede om die Groot Uitdaagbeker.

Die klub presteer skitterend en sy harde werk en groei word in 1986 bekroon toe hy die Groot Uitdaagbeker verower. Hulle ontvang in 1987 'n uitnodiging na die Toyota Klubkampioenskappe te Durban waar hulle die SA klubkampioene word.




*Schalk Burger hou hier met trots die Toyota-Klubkampioenskapstrofee omhoog. WP Weermag Rugbyklub het gedurende 1987 die toernooi gewen.*

## OORLOGSJARE

TWEESPALT het Suid-Afrikaanse rugby in Wêreldoorlog II tot in sy fondamente geskud. Dat hy die terugslag van 'n skeuring in sy geledere oorleef het en homself binne 'n paar seisoene weer tot 'n krag in wêreldrugby kon verhef, spreek boekdele vir die leiding wat van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) uitgegaan het en van die speler-gesindheid tenoor mekaar en teenoor ons nasionale spel.

Net in één opsig het rugby in die oorlogsjare 'n wins getoon. Dit was deur middel van die wydverspreide blootstelling wat SA

# RUGBY IN DIE MIDDE-OOSTE . . . 1943

**DIE Suid-Afrikaanse Soldaatspan het hul eerste wedstryd in die internasionale reeks in 1945 in Moascar, wat in die Kanaalarea geleë is, met 21-8 gewen. SAPA Reuter het vanuit Kaïro die volgende berig deurgestuur:**

"Ofskoon die Suid-Afrikaanse rugbyspan hul eerste wedstryd in die internasionale reeks gister in Moascar teen Engeland met 21-8 gewen het, sal die Springbokke 'n paar plekke in hul span moet opknap as hulle onoorwonne deur die kompetisie wil gaan. Veral wat die skrumwerk en in besonder 'n haker betref, sit die Springbokke met hul hande in die hare."

Ook wat die agterspel betref, sal verbeterings aangebring moet word. Tubby Edwards het die val te veel aangeslaan, veral as gevolg van die wilde aangeë van Cavanagh wat as plaasvervanger in Gordon se plek opgetree het.

Die glanspunt in die wedstryd was die voortreflike vertoning van Jackie Morkel, die Springbokke se heelagter. Sy skopwerk en die manier waarop hy die bal gehanteer het, was onverbeterlik. Sy lang grensskoppe het sy voorspelers baie blaaskans gegee.

Fitchett en Anderson, die twee vleuels, het hulle ook onderskei. Fitchett was verantwoordelik vir twee drieë, een waarvan hy self gedruk het. Billy Anderson het die skare weer op hul voete gehad met een van sy solo-lopies vanaf die middellyn om die bal tussen die pale te gaan druk. Albei het ook op die verdediging uitgeblink.

Die oorheersende kenmerk van die wedstryd was egter die manier waarop die Springbokke in die los gespeel het en die manier waarop hulle die bal lug gegee het. Hulle het hul teenstanders 'n hele paar keer heeltemal oorhoops geja. Poen Muller was in hierdie opsig weer die toonaangewende speler en is goed bygestaan deur Ritson, Killan, Moreira en Bremmer.

Drie minute ná die aanvang van die wedstryd het Geoff Reynolds, 'n lid van die laaste Engelse toerspan wat deur die Unie getoer het, die verdediging geflous en op eie houtjie onder die pale vir 'n drie oorgegaan wat hy ook self vervyf het. (0-5). Die Springbokke is hierdeur nie ontmoedig nie en 'n rukkie later het hul agterspelers pragtig gehanteer voordat Fitchett in besit gestel is. Hy het twee verdedigers getrek voordat hy V. Bisogno in besit gestel het vir laasgenoemde om vir 'n drie oor te gaan. Turner het vervyf. (5-5). Fitchett het hierdie mooi stukkie werk van hom feitlik onmiddellik daarna opgevolg met 'n drie. (8-5).

Die rustydtelling is na 13-5 opgeskuif as gevolg van 'n pragtige drie deur Anderson. Hy het die bal op die middellyn vasgevat en die hele verdediging koudgelei vir 'n drie wat deur Turner vervyf is.

Met die hervatting het die Springbokke verwoed aangeval en was hulle ook gedurig op die bal. Hierdie taktiek het gou vrug afgewerp toe Killian oorgegaan het vir 'n drie nadat Cavanagh die bal in sy hande gewip het. Turner het weer vervyf. (18-5).

Die Engelse spelers het nou egter ook begin aanval en hul tweede drie aangeteken toe Mitchell in die hoek oorgegaan het. Kort voor uitskeityd het die Springbokke verder voorgeloop toe Muller die bal omarm en op sy teenstanders se doellyn afgestorm het voordat hy na Ritson aangegee het wat die beweging met 'n drie afgerond het".

# KAÏRO: 6 Div het rugby oorheers

DIE Sesde SA Pantserdivisie wat by Helwan naby Kaïro saamgestel en opgelei is, het die rugbytoneel in die Midde-Ooste in die noordelike winter van 1943/44 so oorheers dat die omstrede rugbyskrywer, Paul Owen, gereeld sy woorde moes sluk. Hy het vir 'n Engelstalige koerant, "The Egyptian Mail" in Kaïro geskryf en sy voorspelling oor die wedstryde waaraan Suid-Afrikaners deelgeneem het, het meestal gedien as motivering om hom verkeerd te bewys.

Maar met die vertrek van die Sesde Divisie na die oorlogsfront in Italië, het slegs verspreide Suid-Afrikaanse eenhede in die Midde-Ooste agtergebly, waaruit 'n nuwe span saamgestel sou moes word vir die beplande "toetsreeks" teen Engeland, Wallis en Nieu-Seeland om die "rugbykroon van die Midde-Ooste".

Aanvanklik is verwag dat die Britse Royal Artillery School, wat oor etlike internasionale spelers beskik het, die SA rugbyheerskappy sou verbreek. Met 'n ywerige keurkomitee onder wie die Springbok Attie van Heerden, is die gebied gefynkam vir rugbytalent en kon 'n sterk span onder aanvoering van Charlie Newham, die voormalige Transvaalse losskakel, saamgestel word.

Op 24 Desember 1944, voor 18 000 toeskouers op die Alamein-veld, klop Newham se "Bokspan" die sterk Artillerieskool met 14-0. Dit was 'n goeie begin wat opgevolg is met 'n oorwinning van 21-8 toe die SA Magte in die eerste wedstryd van die Kampioenskapsreeks teen Engeland te staan gekom het. Die wedstryd het op Moascar in die kanaalgebied plaasgevind.

Daarna het die "Springbokke" ook Nieu-Seeland met 12-6 geklop, en toe met 6-elk gelykop gespeel teen die magtespan van Wallis. Dit het beteken dat die Suid-Afrikaners en die Walliesers albei onoorwonne was in die reeks en dat hulle sou moes uitspeel.

Oor dié wedstryd is soos volg berig: "Briljante drieë deur Anderson en Gordon, en 'n strafdoel deur Fitchett, het Suid-Afrika die rugbykroon van die Midde-Ooste teen Wallis met 'n telling van 9-6 besorg."

rugby geniet het van die talle wedstryde waarin verteenwoordigende spanne van die destydse Unieverdedigingsmag teen soortgelyke spanne van die Geallieerde Magte in die Midde-Ooste en in Europa gespeel het.

Dikwels is "Springbokrugby," wanneer daar 'n rustydjie of 'n verposing in vyandelikhede gekom het, uitgedaag vir 'n wedstryd teen die militêre eenhede van Wallis, Engeland, Skotland, Ierland, Australië en Nieu-Seeland.

Laasgenoemde veral, wat maar nie die reeksneerlaag op eie bodem deur die Springbok-toerspan van 1937 kon vergeet nie, was onder die voorste uitdagers. Dan het die doelpale op Egiptiese en Italiaanse sokkervelde tydelik plek gemaak vir rugbypale sodat wedstryde wat dikwels ook bygewoon is deur mense wat van rugby geen benul gehad het nie, gespeel kon word.

In daardie botsings waarin SA soldatespanne selde aan die verloorkant was, is die naam van ons nasionale spel hoog gehou. Dit was nie alleen goeie advertensie vir ons speelkrag nie, maar ook vir ons gehalte spel en die gedrag van ons spelers.

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.